Bylaag A

Taakspan Ekologie

TEOLOGIESE RAAMWERK

VIR

EKOLOGIEBEDIENINGS

Woord vooraf:
Wat word bedoel met ‘n teologiese raamwerk vir ekologiebedienings?

Wanneer hierdie dokument van ‘n “teologiese raamwerk” praat, word iets spesifieks bedoel. Dit is nie ’n omvattende handleiding met stap-vir-stap instruksies vir elke gemeente nie; ook nie ‘n volledige beleidsdokument wat elke praktiese besluit vooraf neem nie. ’n Raamwerk is eerder ***‘n stel begronde, teologiese oortuigings, vertrekpunte en vrae wat rigting gee.*** Dit skep die ruimte en die taal waarbinne gemeentes, kerkrade en individue hulle eie, konteksgevoelige besluite oor ekologiebediening kan neem.

’n Teologiese raamwerk is dus ***‘n uitnodiging eerder as ‘n voorskrif***. Dit nooi lidmate, kerkrade en sinodale strukture om te midde van ekologiese krisisse hulle eie verstaan van roeping, getuienis en verantwoordelikheid — as deel van God se huishouding — te herondersoek. Dié ondersoek is ***gegrond in Skrif en tradisie***; dit ***hou ons verantwoordbaar teenoor mekaar***; en dit is ***oop vir voortgaande gesprek*** na mate begrip verdiep en omstandighede verander.

1. Inleidend: Ekologiebedienings het met die hart van die Christelike geloof te doen

Vir Christen-gelowiges is die huidige ekologiese krisisse ***van lewensbelang*** in meer as een opsig. Aan die een kant sê ons dat ekologiese krisisse lewens op die spel plaas. Maar dit gaan oor meer as net die lewens van mense, selfs alle lewensvorme op aarde. Dit gaan ook oor iets wat met die hart, met die lewe van die Christelike geloof as sulks te doen het: Wanneer ons as Christene ons geloof in die Skeppergod bely (soos in Artikel 1 van die Apostoliese Geloofsbelydenis), sê ons dat daar 'n spesiale band bestaan tussen God en die geskape werklikheid, dus ook tussen God en die aarde, wat ons tuiste is, en tussen God en die hele huishouding van God hier in die aarde, wat alle vorme van lewe insluit.

Die Bybelgeskrifte vertel van ***God wat in verhouding staan***

- met menslike individue;
- met mensegemeenskappe (in Ou-Testamentiese taal is dit dikwels Israel en die sogenaamde nasies);
- én met die hele skepping, insluitende wat sommige eko-teoloë die hele aardgemeenskap noem, soos wat ons dit geïllustreer sien in die verbond met Noag, sy nageslag, alle vorme van lewe op aarde en met die aarde self (Genesis 9:8-17).

Wat hierdie ***wye horison van die skepping*** (God in verhouding met álle skepsele) betref, sien ons volgens Walter Brueggemann in die Bybel deurgaans getuienis van

- 'n geseënde, vrugbare, florerende wêreld;
- 'n wêreld wat gevaar loop om vernietig te word; en
- 'n wêreld ánderkant dreigende vernietiging.

Die ***kosmiese visie van Christus as persoon en sy verlossingswerk*** (vgl. Kolossense 1:13-20) lê op hierdie spoor van skepping, skepping in gevaar van vernietiging, en herskepping.

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat ekologiebedienings in gemeentes ***met die hart van die Christelike geloof en die identiteit van Christen-gelowiges te doen*** het. Ekologiebedienings gaan oor meer as net nóg ‘n agendapunt op reeds veeleisende gemeentprogramme, of die spesiale belangstelling van ‘n paar gemeentelede wat inspirasie put uit die natuur. ‘n Eko-teologiese kyk bied ‘n staanplek van waar alles wat met gemeente-wees te doen het in sig kom.

2. Historiese blik: Die ontwikkeling van ekoteologie binne die NG Kerk

Die ontwikkeling van ekoteologie binne die NG Kerk is ’n proses van bewustheid en teologiese verdieping wat in die laat 1990 s begin het en steeds momentum kry. Hoewel die gesprek aanvanklik sporadies gevoer is, het dit oor tyd ontwikkel tot n duidelike verbintenis om ekologiese geregtigheid te integreer met die missionêre roeping van die kerk.

 n Belangrike vertrekpunt was die herontdekking van reeds bestaande teologiese raamwerke binne die Christen en gereformeerde tradisie. Hierdie teologiese raamwerk beweeg weg van ’n mensgesentreerde teologie wat die skepping eenvoudig reduseer tot ’n hulpbron of gebruiksvoorwerp. Die siening dat die skepping alleenlik vir menslike gebruik bedoel is, is nie getrou aan die Bybelse getuienis nie. Teoloë soos Ernst Conradie het daarop gewys dat die sabbat — as rus, genoegsaamheid en aanbidding — die hoogtepunt van die skeppingsverhaal vorm en nie die mens nie. Hierdie teologiese herbesinning het geleidelik ruimte geskep vir n ekoteologiese agenda binne die NG Kerk. Verskeie sinodale dokumente illustreer hierdie groei:

1998 – Eerste Tree

Die Algemene Sinode erken vir die eerste keer die kerk se historiese stiltes oor die skepping en roep op tot n herwaardering van menslike "heerskappy" as verantwoordelike rentmeesterskap eerder as uitbuiting. Die dokument waarsku teen die verkleining van die evangelie tot net sielesorg, met min aan die materiële werklikheid van die wêreld wat God geskep het en liefhet.

2007 – Profesie oor Profyt

Hierdie verslag reageer op die Accra-belydenis (WARC) en plaas ekonomiese onreg en ekologiese vernietiging in dieselfde morele raamwerk. Die NG Kerk begin hiermee erken dat omgewingskwessies nie los staan van strukturele armoede en ongelykheid nie.

2013 – Ter wille van die aarde en haar bewoners

Hierdie raamwerk, opgestel deur die destydse Ekologie Taakspan, vorm die eerste omvattende poging om ekologie te integreer met kernaspekte van die kerk se lewe: Skrifverstaan, belydenis, spiritualiteit, liturgie, etiek en bediening. Dit is steeds die mees volledige ekologiese posisionering van die NG Kerk wat deur die Algemene Sinode aanvaar is.

2015 – Die Groen Sinode”

Die Algemene Sinode rig n oproep tot eenvoudige lewenstyle, verantwoordelike hulpbronbestuur en praktiese verandering op alle vlakke van die kerk. Dit beklemtoon die kerk se profetiese roeping teen omgewingsongeregtigheid.

2019 – Verdieping van die roeping

Die verslag van 2019 gee spesifieke aandag aan Suid-Afrikaanse realiteite soos steenkoolafhanklikheid, watertekorte en energie-armoede. Dit beskryf drie dimensies van die kerk se roeping: profeties (getuienis), priesterlik (versorging en hoop) en koninklik (verantwoordelike bestuur van hulpbronne).

Samevattend toon hierdie ontwikkeling dat die NG Kerk toenemend erken dat ekoteologie nie n bysaak of spesialis-terrein is nie, maar integraal tot die evangelie en die kerk se getuienis behoort. Hierdie teologiese groei vorm die grondslag waarop die huidige werk van die Algemene Sinode se Taakspan vir Ekologie voortbou.

3. Teologiese raamwerk: Vertrekpunte en verbintenis

Die NG Kerk vat graag hande met geloofsgemeenskappe wêreldwyd wat hulle beywer vir n ***omvangryke hervorming*** wat gemik is op hoe mense hulle deel-wees van en verantwoordelikhede binne die huishouding van God herontdek en uitleef.

Hierdie verbintenis staan nie los van die wyer ekumeniese beweging nie. Dit sluit aan by die getuienis van die Suid-Afrikaanse Raad van kerke en ander plaaslike ekumeniese vennote, sowel as by internasionale liggame soos die Wêreldraad van kerke (WRK), wat sedert die Accra-belydenis (2004, vgl. Afdeling 2) ekonomiese en ekologiese geregtigheid saam op die agenda hou.

Met hierdie verbintenis omarm die NG Kerk n ***tweeledige, tweerigting-taak***:

- *Enersyds*, om bekende en herontdekte ekologiese wysheid binne die Christendom aan te bied as 'n respons op omgewingsbedreiginge en -ongeregtighede, en
- *andersyds*, om die Christelike tradisie self te herondersoek, te verruim en te vernuwe in die lig van die omgewingsuitdagings en

ongeregtighede van ons tyd — ook in die lig van beskuldigings oor Christene se medepligtigheid aan hierdie ongeregtighede.

Hierdie verbintenis is uiteindelik ***gegrond in gelowiges se verhouding tot die drie-enige God***:

- die Skeppergod danksy wie mense, saam met die volle huishouding van God, die voorreg het om te leef in 'n wêreld wat ons met verwondering vervul;
- die herskeppende Gees in wie se kragveld ons sien dat wendings moontlik is en lewe opnuut kan floreer;
- die Seun, Jesus Christus, wie se verlossingswerk van kosmiese omvang is

Hierdie verbintenis roep die NG Kerk op tot ***n taak met profetiese en priesterlike dimensies***: Profeties neem die kerk deel aan waarskuwings teen en die ontmaskering van omgewingsongeregtighede. Priesterlik is die kerk diensbaar waar die behoefte aan heling en hoop bestaan.

Die NG Kerk maak hierdie verbintenis terwyl ons ***erken dat ons soms stadig is om die rigting te sien waarin die Gees van God ons lei*** en dat ons dikwels die noodsaak van so n hervorming in eie belang weerstaan.

Hierdie verbintenis word verder gemaak met die wete dat mensgesentreerdheid n groot deel van die probleem is. Daarom herinner ons ons daaraan ***dat mense deel is van die groter huishouding van God*** wat alle vorme van lewe, trouens die hele aarde as lewensisteem insluit. Alle lede van die huishouding het intrinsieke waarde, nie bloot nuttigheidswaarde vir mense nie, en behoort daarom met respek behandel te word.

In die vloedverhaal (Genesis 6-9) het God gedink aan Noag en sy familie en aan al die wilde en mak diere wat oorleef het. God het die vernietigingswerk van die vloed omgekeer en n verbond gesluit met Noag en sy familie én met toekomstige geslagte én met alle lewende wesens wat saam met hulle letterlik en figuurlik in dieselfde bootjie was — voëls, mak diere, wilde diere. In dié verhaal het God die lot van alle vorme van lewe aan mekaar gebind.

Omdat al die dele van die huishouding van God met mekaar verweef is, besef die NG Kerk dat omgewingskwessies (die *groen* agenda) en samelewingskwessies soos armoede en ongelykheid (*sosiale* kwessies) nie los van mekaar staan nie. Daarom verbind die NG Kerk haar tot wat die **olyf agenda** genoem word — 'n term wat voorgestel is om reg te laat geskied aan hierdie verweefdheid tussen menslike behoeftes en die skepping se waarde as geheel.

Die omvattende hervorming waartoe die NG Kerk n bydrae wil maak, ***raak elke aspek van die kerk se werksaamhede***:

- Hoe ons die Bybel lees;
- hoe ons die kerk se geskiedenis beoordeel, maar ook wysheid daarin terugvind;
- hoe ons die Christelike leerstellings en simbole verstaan;
- hoe ons morele besluite neem;
- watter deugde ons beklemtoon en hoe ons dié deugde uitleef;
- hoe ons ons roeping verstaan en getrou daaraan leef;
- hoe gemeentes vorm gee aan al hulle bedienings (prediking en liturgie, pastoraat, lering, ens.), wat 'n spesifieke ekologiebediening kan insluit.

Ekoteologie kan die ***Christelike tradisie en leerstellings verryk en verdiep*** en *terselfdertyd daaruit put*. In die proses help ekoteologie die kerk om vorm te gee aan 'n geloofsvisie waarbinne:

- Die ganse skepping inherent waarde het en God met die hele aardgemeenskap in verhouding staan;
- Menswees ook in diensbaarheid en verantwoordelikheid tot uiting kom;
- Sonde ook die verbreking van ekologiese verhoudings beteken;
- Verlossing die genesing van die hele skepping is;
- Christus die middelpunt van die kosmos is;
- Eskatologie die hoop van vernuwing vir die aarde bring.

So word die evangelie werklik goeie nuus vir die hele skepping.

Hiervoor is diepgaande Bybelondersoek nodig:

- om, soos hier bo, die Christelike tradisie en die kerk se leerstellings te verryk en te verdiep;
- om betekenisvolle bydraes te kan maak tot openbare gesprekke oor ekologiese kwessies, wat verweef is met ander samelewingsvraagstukke;
- om 'n antwoord te bied op beskuldigings dat Christelike geloofsoortuigings en ook die Bybel mensgesentreerd is en daarom bydra tot soveel mense se traak-my-nie-agtigheid oor omgewingskwessies.
- omdat dit 'n belangrike element van ekospiritualiteit behoort te wees.

Dit is die verantwoordelikheid van lidmate van die NG Kerk om 'n krities-luisterende oor te hê vir die resultate van ekoteologiese Bybelondersoek; om te bly vra watter oogmerke en leesstrategieë daardie resultate onderlê; en om verantwoording te kan doen van die oogmerke, leesstrategieë en resultate van hul eie (ekoteologiese) Bybellees.

Met dié gedagtes as vertrekpunt, dien hierdie teologiese raamwerk as ***uitnodiging*** vir lidmate van die NG Kerk om ***saam met ander geloofsgemeenskappe, en groepe wat die werklikheid op ander maniere ondersoek***, hulle deel-wees van die huishouding van God uit te leef en te vier.

4. Eko-spiritualiteit, verwondering en ontsag

Die Bybel bied ‘n verrassende rykdom aan materiaal wat lig skyn op elemente van eko-spiritualiteit. Eko-spiritualiteit kan van baie kante af verken en beoefen word. Een daarvan is om *‘n houding van verwondering en ontsag* as vertrekpunt te neem. Wanneer ons as Christen-gelowiges met die grootsheid, verweefdheid en intrinsieke waarde van alles in die skepping te doen kry, kan dit ons aanspoor tot ‘n verdieping van ons verhouding met die Skeppergod en tot ‘n herwaardering van die netwerk van verhoudings waarin ons staan met al die ander lede van die aardgemeenskap. Verwondering en ontsag kan op baie maniere in ons lewens grondvat:

- Dit dien as oproep tot aanbidding, vreugdeviering, getuienis en lofprysing (ook in ekumeniese verband, verder saam met nie-menslike mede-skepsele van die hele aardgemeenskap, almal op eie maniere (vgl. Psalm 19:1-6; Psalm 96:11-13; Jesaja 55:10-13);
- dit open deure om meer waarderend, nederig, dankbaar, sorgsaam, meelewend en ontvanklik te leef;
- dit skep ruimte vir ervarings van shalom-heelheid en terapeutiese heling;
- dit dien as uitnodiging om met aandag waar te neem (vgl. Matteus 6:25-34 — “Let op die voëls van die hemel…”, “Let op die wilde narsings”) en daarom maak dit ons ontvanklik vir ontdekking, kontak en deelname;
- en belangrik, dit spoor ons aan tot voorspraak (*advocacy*).

‘n Paar opmerkings oor verwondering, ontsag en eko-spiritualiteit wat met die bostaande verband hou:

- Voorspraak (*advocacy*) herinner ons daaraan dat verwondering en ontsag nie tot sentimentaliteit verskraal moet word waar verantwoordelikheid buite sig bly nie.
- Sommige sien die paadjie van verwondering as ‘n kernelement van eko-spiritualiteit rofweg só:
  Sien en beleef → verwonder → ontsag hê → loof → behoort → liefhê en omgee → voorspraak maak.
- Of in meer teologiese taal:

Verwondering is die ervaring om in ontsag voor die Skeppergod te staan te midde van 'n belewenis van die skepping as 'n gawe, 'n misterie, 'n verweefde heelheid, wat ons help om die intrinsieke waarde van alles in die skepping te erken, om ons eie deelwees van die skepping en tuiswees in die aarde te ontdek, en om daarop te reageer met dankbaarheid, openheid, sorgsaamheid en verantwoordelikheid.

5. Ekoteologie en hedendaagse kwessies: Water

Ekoteologie spoor geloofsgemeenskappe aan om aan die hand van die Bybel bydraes te lewer tot gesprekke oor samelewingskwessies. Waterkwessies kan as voorbeeld dien. 'n Ondersoek na die water-motief in die Bybel bring ***verrassende perspektiewe in sig — enersyds oor wat oor water gesê word, andersyds oor hoe water as beeld gebruik word om oor ánder samelewingskwessies en oor geloof as sulks te praat.***

Eerstens kom 'n mens gou tot die besef dat water in die Bybel veel meer is as een item op 'n lysie van hulpbronne waartoe mense toegang het. ***Water is 'n lewe-of-dood saak.***

- Die skeppingsverhale in Genesis 1 en 2 en die vloedverhaal in Genesis 6-9 vertel van water wat lewensnoodsaaklik is, maar ook lewensbedreigend kan wees. In die Bybel as geheel sien ons hoe water lewegewend is en dat dit tot reiniging, vernuwing en seën dien. Water veroorsaak egter ook dat lewende wesens verdrink, dat grond verspoel en dat dinge wat in magtige waters se pad staan vernietig word.
- Die spanning tussen vernietigende en lewegewende waters vind ons ook in die Psalmboek. Psalm 104 gebruik water-taal om te verwys na dinge waarteen God mense beskerm (verse 6-9) én om te vertel hoe God voorsien en lewe onderhou (verse 10-15). Psalm 65 eggo hierdie ervarings van water. Enersyds word op God vertrou om die gedreun van die seë en hulle golwe stil te maak. Die bedreiging van onstuimige seë is hier 'n beeld vir bedreigende volke (verse 6-9). Andersyds sorg God

dat die land nat bly en die oeste gedy, sodat almal en alles wat daarvan leef kan floreer (verse 10-14; vgl. Deut 11:14).

- Die vertelling van die uittog uit Egipte wys ook hoe die water van die Rietsee vir party tot redding en vir ander tot ondergang dien (Eksodus 13:17-14:31).

Ná die Rietsee-episode, in die wildernis, ***maak gebrek aan water die volk desperaat***. Moses besef dat die mense op die punt staan om hom te stenig. Hy vra dan hulp by God, wat beskik dat water uit 'n rots kom. 'n Watertekort het die mense laat vra of die Here nog in hulle midde is of nie. (Eks 17:1-7). Dit het gebeur nadat die volk ook by Mara gekla het dat die water bitter en ondrinkbaar is (Eks 15:22-25). Daar het die Here beskik dat die water drinkbaar word.

Waternood (te veel, te vuil, of te min water) en oorvloedige, lewende water word in die Bybel in verband gebring met ***God se straf, behoefte aan God se redding, of bewys van God se seën***. God straf byvoorbeeld die Egiptenare met die eerste van die tien plae waar God water in bloed verander (Eksodus 7). Ervarings van water gee die taal wat 'n digter gebruik om oor die behoefte aan God se redding (Ps 69:1), of oor God se seën te praat (Ps 1:1-3), en op dié manier word ook uitdrukking gegee aan mense se afhanklikheid van God (Ps. 69:10-14; Jes 41:17-18).

Die band tussen waterbesoedeling en sosiale ongeregtigheid word treffend in die boek Esegiël geïllustreer. Leiers en magtiges in die samelewing is soos skape wat wat vóór die ander skape die goeie weiding en skoon drinkwater geniet maar dit dan vertrap en bevuil, sodat dit nie vir die res van die trop beskore is nie. (Esegiël 34:17-19). Dit wat ook vir medeskepsels lewensondersteunend is, word geminag.

In die Nuwe Testament word aangesluit by die lewegewende aard van water. By 'n put word woorde oor water in Jesus se mond ***lewende water*** wat maak dat mense nooit weer dors kry nie en wat opborrel tot die ewige lewe (Joh 4:14; kyk ook Joh 7:37-38).

By die ***Christelike doop*** herinner die water ons aan beide dood en hergeboorte (Rom 6:3-4), die deurgang na ‘n nuwe manier van lewe — ‘n hergeboorte wat die mensdom van vandag baie nodig het as ons ons selfgemaakte vernietigingswerk wil oorkom.

Die watermotief in die Bybel loop wyd: Water tree na vore as ‘n simbool van beide ***skepping en vernietiging***, ***lewe en dood***, ***reiniging en vernuwing***, ***oordeel en seën*** en dit raak die ganse, verweefde huishouding van God.

Hierdie motief kronkel van die groot, lewegewende rivier in Genesis 2 wat ‘n tuin natmaak en na ander dele van die aarde vertak, tot by die rivier in Openbaring 22 met kristalhelder water van die lewe wat stroom uit die troon van God en die Lam. Oral langs hierdie roete sien ons egter dat lewegewende riviere ook lewens kan bedreig, hetsy deur lewende wesens te oorweldig, of vuil te word, of op te droog.

Die NG Kerk roep lidmate op om as deel van die huishouding van God te kies vir lewe en hul verhouding tot die Een wat lewende water skenk, te koester.